

HOOFSTUK 4

ADOLESSENSIE EN DIE BEHOEFTE VAN DIE PEDAGOGIES VERWAARLOOSDE ADOLESENT IN DIE KINDERWETSKOOL

4.1 Inleiding

Leerlinge word slegs in uitsonderlike gevalle tot die kinderskool toegelaat onder die ouderdom van 12 jaar en net so selde ná die ouderdom van 18 jaar. Elke leerling wat tot die kinderskool toegelaat word, is dus in 'n stadium van adolessensie en bly 'n adolessent vir die duur van sy verblyf in die skool.

In hierdie hoofstuk sal 'n beskrywing van 'n paar sienings gegee word oor die kenmerke van adolessensie as 'n lewensfase in die ontwikkelingsgang van die kind op weg na volwassenheid. Kennis van die besondere behoeftes van die kind gedurende hierdie lewensfase, is vir die opvoeder van die uiterste belang. Aangesien die kinderskool met kinders te make het wat om een of ander rede sorgbehoewend verklaar is, kan aanvaar word dat die normale behoeftes van die adolessent by sulke kinders waarskynlik intenser ondervind sal word as wat die geval is by die kind wat van kleins af goed versorg en met sorg opgevoed is.

Besondere aandag sal in die hieropvolgende paragrafe gegee word aan die fisieke, sosiale, intellektuele, emosionele, morele en religieuse behoeftes gedurende die lewensfase van adolessensie.

4.2 Die vrees vir adolessensie

Daar is in die twintigste eeu baie navorsing gedoen oor adolessensie. Dit het deel geword van die woordeskat van die leek en gevolglik is baie wanopvattinge rondom die begrip gevorm en het daar 'n ongegronde vrees hieroor by ouers sowel as by die adolessent ontstaan.

4.2.1 Die volwassene se vrees vir adolessensie

Hurlock (1967 : 6) meen dat baie ouers en onderwysers die adolessente fase

in die kind se ontwikkelingsgang vrees as gevolg van die talryke probleme waarvoor dit staan. Ouers is verkeerdelik vooraf ingestel op die verskriklike tyd wat vir die kind voorlê. Dit veroorsaak weer dat hulle oorreageer op probleme wat in werklikheid nog nie behoorlik gemanifesteer het in die kind se gedrag nie.

In Amerika het die probleem daartoe gelei dat die junior hoërskole probleme ondervind het om personeel te kry. Die ervare onderwysers het die junior sekondêre klasse verniy en die jong onervare leerkragte het die uitdaging getemoet gegaan met 'n gevoel van magtelose ontoereikendheid.

Die media propageer die onverantwoordelikheid, ongedissiplineerdheid en opstandigheid van die tieners. Hulle word geassosieer met losbandigheid, sedeloosheid, wilde musiek en roekelose partytjies waar verdowingsmiddels vryelik beskikbaar is. Hierdie lewensfase word oorlaai met ongunstige konnotasies, maar weinig positiewe sanksies. Daar is selfs ouers en onderwysers wat die opvoedings-taak met betrekking tot die adolessent met huiwering getemoet gaan.

'n Ondersoek deur Porteous en Colston (1980 : 205) het aan die lig gebring dat daar in die Britse pers 'n algehele wanbalans bestaan in verslaggewing aangaande negatiewe en positiewe optrede van adolessente. Eersgenoemde word oorbekleinton, terwyl laasgenoemde aspek van adolessente gedrag weinig dekking in Britse koerante kry.

4.2.2 Die adolessent se vrees vir adolessensie

Die ongegronde en onkundige vrees van die ouer, soos hierbo genoem, kan deels die oorsaak wees van 'n onnodige vrees vir adolessensie by die adolessent. Pretorius (1981 : 151) is van mening dat die volwassene bevooroordeeld optree teenoor die jeugdige se pogings tot selfverwesenliking. Dit word van hom verwag om selfstandig te dink en op te tree, maar sodra hy dit werklik probeer doen, word sy pogings verkleineer en verkeerd geïnterpreteer. Die jeugdige is dan pynlik getref en opnuut verward (Pretorius, 1981 : 149).

Omdat adolessente bewus is van die volwassene se vooroordeel teenoor adoles-

sensie, is hulle liggeraak en soms selfs haatdraend teenoor die ouer geslag. Hulle voel dat daar bevooroordeelde teenoor hulle opgetree word of dat hulle verkeerdlik veroordeel word as gevolg van die anti-sosiale gedrag van geïsoleerde groepe van die portuurgroep. Gelukkig, sê Hurlock (1967 : 6-7) is die taksering van die adolessent deur die volwassene nie so laag as wat die adolessent glo dit is nie, en word baie van die jeugdige daardeur gemotiveer om aan die ouer geslag te bewys, deur voortreflike gedrag, dat hulle nie gedragsafwykendes is nie.

4.2.3 Tradisionele siening van adolessensie

Stanley Hall wat algemeen bekend staan as die vader van kinderstudie in Amerika, het vroeg in die twintigste eeu 'n duidelike en treffende beeld van adolessensie geskets in sy geskrifte. Hiervolgens is adolessensie 'n tydperk van "storm en drang" waartydens daar skielike en radikale veranderinge in die adolessent se persoonlikheid plaasvind. Die kind sou dan 'n soort "wedergeboorte" ondergaan ten opsigte van persoonlike houdings en -trekke en spoedig op 'n mistieke wyse verander in 'n selfstandige jongmens met voortreflike persoonlikheidseienskappe. Verder is geglo dat vinnige en duidelike veranderinge biologies gefundeerd is en 'n direkte uitvloeisel is van die geslagsryping van die kind wat die adolessente jare voorafgaan. Die kind is dan as gevolg van die fisiologiese veranderinge in sy liggaam wisselvallig, emosioneel, onstabiel en onvoorspelbaar (Garrison, 1956 : 3 ; Hurlock, 1967 : 4).

4.2.4 Hedendaagse siening van adolessensie

Geleidelik het wetenskaplike navorsingsresultate bewyse gelewer wat die vroeë sieningswyses oor adolessensie weerspreek. Die idee van 'n metamorfose gedurende adolessensie is verouderd en die persoonlikheidstreke van die kinderjare verdiep eerder met die verloop van tyd as wat dit skielik gedurende adolessensie afgeskud word (Graig, 1979 : 464).

Navorsers is dit eens dat adolessensie dié tydperk van ontwikkeling en groei tussen kindwees en volwassenheid verteenwoordig. Die beginpunt word algemeen aanvaar as die einde van die puberteit, of dan die bereiking van geslags-

rypheid. Vir die eindpunt van die tydfase van adolessensie kan daar beswaarlik 'n afdoende perk gestel word en word die ouerdomsgrens wat deur die wet bepaal word vir die aanvang van volwassenheid, naamlik 21 jaar, algemeen aanvaar as die einde van adolessensie. Krech et al (1969 : 67-68), meen dat adolessensie verwys na die betreklik lang tydsverloop tussen die kinderjare en volwassenheid; 'n tydperk waartydens beide kwalitatiewe en kwantitatiewe veranderinge plaasvind in die verskeidenheid van karaktereenskappe van die persoon. Die begin van adolessensie kan vasgestel word op grond van fisiologiese ontwikkeling, maar die eindpunt is vaag en kan slegs aangedui word met die bereiking van psigologiese rypheid. Dit is wanneer die kinderagtige gedrag finaal ontgroei is en volwasse houdings en verantwoordelikhede bemeester is.

De Wet en Van Zyl (1974 : 45) sien adolessensie as 'n tydperk waarin die individu self veelvuldige veranderinge ondergaan en tot stand bring. Dit begin tussen die elfde en die veertiende jaar en eindig tussen die agtiende en een-en-twintigste jaar. Aan die begin is die adolessent nog in verskeie opsigte afhanklik van sy familieleden en nog bereid om beslissings van ouers en ander bewonderingsfigure kritiekloos oor te neem, maar teen die einde moet hy emosioneel selfstandig wees, sy eie sosiale kontakte hê, verantwoordelikheid ten volle aanvaar en finansiële onafhanklik wees.

Adolessensie is nie maar net nog 'n trap hoër op die leer van ontwikkeling nie. Dit is 'n ingeboude, noodsaaklike oorgangsperiode waartydens afskeid geneem word van die afhanklikhede van die kinderjare en terselfdertyd versigtig gereik word na die verantwoordelikhede van volwassenheid (Garrison & Garrison, 1975 : 6). Terselfdertyd vind ego-ontwikkeling plaas en is daar die soeke na identiteit en die sin van bestaan.

Met die klenverskuiwing van outoritêre opvoeding na meer demokratiese metodes van opvoeding het die hantering van adolessensie selfs nog meer gekompliseerd geraak vir beide die opvoeder en die adolessent.

Omdat die ontwikkeling van adolessente 'n ordelike patroon volg, is dit moontlik om sekere karakteristieke gedragsvorme waar te neem. Alle adolessente rebelleer op een of ander stadium teen die 'moets' en 'moenies' van die familie-

opset; hulle kom beangs voor en voel onveilig en soek sekuriteit by hulle eie onderdomsgroep; hulle voel verward en onseker oor manlike en vroulike rol-funksies; hulle is gretig om erken en aanvaar te word deur persone wat ouer is, terwyl hulle tog lojaal en toegewyd is aan die standarde van hulle eie groep.

Terwyl hulle dit moeilik maak om met hulle saam te lewe en saam te werk, kom die meeste adolessente tog deur hierdie periode sonder ernstige problematiek en maak hulle relatief maklik persoonlike en sosiaal aanvaarbare aanpassings tot die lewe van volwassenheid (Hurlock, 1967 : 5-7).

4.3 Behoeftes van die adolessent

In enige stadium van ontwikkeling het die ontwikkelende individu behoeftes. Maslow het die basiese behoeftes van die mens in 'n bepaalde hiërargie geplaas. Die fisieke behoeftes is aan die basis van die hiërargie gevolg deur sekuriteits-behoeftes, die behoefte aan aanvaarding, identiteitsbehoeftes en laastens die behoefte aan selfverwesenliking. Hy beweer verder dat as die fisieke behoeftes bevredig is, dit aanleiding gee tot stimulasie van die behoeftes van die volgende vlak, naamlik sekuriteitsbehoeftes en so gaan dit voort tot aan die einde van die hiërargie (Maslow, 1968 : 152-5).

Maslow (1970 : 38) beskou die mens as 'n dinamiese organisme met 'n inherente neiging tot selfaktualisering. Sodra een behoefte bevredig is, tree 'n ander na vore en so strewe die mens van oomblik tot oomblik na behoefte-bevrediging.

Die posisie van 'n behoefte binne die hiërargie bepaal ook die vlak van funksionering. Indien 'n persoon dus deur 'n behoefte aan selfverwesenliking (die hoogste vlak) gemotiveer word, beskou hy dit as 'n hoër vlak van funksionering as wanneer die persoon deur 'n fisieke behoefte (die laagste vlak) gemotiveer word. Behoeftes op die laer vlakke moet eers op 'n gereelde basis bevredig word voordat die behoeftes op hoër vlakke geaktualiseer word (Gerdes et al, 1981 : 59).

Die adolessent ondervind beslis ook die genoemde behoeftes en sekere behoeftes soos identiteitsbehoeftes, sekuriteitsbehoeftes en die behoefte aan aanvaarding deur die ouderdomsgroep, word gedurende adolessensie intenser

ondervind as hyvoorbeeld gedurende volwassenheid. Jones en Pritchard (1980 : 16) meen dat begrip van adolessente gedrag gesoek moet word in hul pogings tot behoeftebevrediging.

4.3.1 Fisieke behoeftes

Daar is reeds op gewys dat fisieke behoeftes basies is aan alle ander behoeftes. Dit volg dus logies hierop dat die kind eers fisies goed versorg moet wees voordat aandag aan enige ander behoefte gegee kan word.

4.3.1.1 Voedsel en kleding

Die groeiende adolessent het behoefte aan gereelde maaltye om energie te voorsien vir motoriese aktiwiteite en om die liggaam in staat te stel om te groei en te ontwikkel. Verder het die liggaam behoefte aan beskermende kleding om hom te beskerm teen elemente van die natuur (koue, hitte, sonbrand ens.). Die klere is ewe belangrik vir die adolessent se voorkoms; om hom aanvaarbaar te maak vir ander mense. Die fisiese behoeftes word deur aangebore primêre drange soos honger, dors, seks en die vermyding van liggaamspyn geaktiveer. Primêre drange spoor die kind aan tot behoeftebevredigende gedragsvorme (Jordaan et al, 1977 : 829).

By die sorgbehoewende kind in die kinderwetskool is behoorlike fisiese versorging van kardinale belang omdat baie kinders by toelating in 'n toestand van fisiese verwaarlosing verkeer.

4.3.1.2 Leedvermyding en sintuiglike genot

Van baie klein af is daar die aangebore neiging by die kind om genotvolle dinge na te streef en alles wat liggaamlike pyn of ongemak kan veroorsaak te vermy of daarvan weg te beweeg. Krech et al, (1969 : 510) sê dat deur slegs na 'n begeerlike voorwerp te kyk, 'n persoon in sy gedagtes deur die voorwerp aangetrek word en afgestoot word deur 'n voorwerp wat met onplezierigheid geassosieer word.

Die najaging van genot, gepaardgaande met leedvermyding, word vanaf die babajare tot in die ouderdomsjare, bewustelik of onbewustelik, voortdurend deur die individu gemanipuleer. Aanvanklik is die beloning (voorwerp van begeerte) fisies van aard, maar soos die kind ontwikkel, word dit al hoe meer sosiaal en psigies van aard. "For infants and very young children, psychological comfort depends wholly on physical comfort (or gratification). Society steadily and progressively substitutes intangible psychological and social comfort for physical comfort, although provision for the latter must be made at all ages." (Mc Candless, 1970 : 22).

Om in hierdie behoefte van die kind te voorsien sal die skool onder andere voorsiening moet maak vir geriewe vir aangename ontspanning en vryetyds-besteding. Die behoorlike fisiese versorging van die kind in die kinderwetskool sowel as 'n aangename huislike atmosfeer in die koshuis, kan 'n ruim bydrae lewer in hierdie verband.

4.3.1.3 Gesondheid en persoonlike higiëne

Gesondheid en persoonlike higiëne is nog 'n basiese behoefte by elke mens. Adolessente heg baie waarde aan gesondheid, persoonlike higiëne en persoonlike netheid omdat dit bydrae tot die voorkoms. Veral die meisie wil skoon en net voorkom omdat dit haar soveel meer aanvaarbaar maak vir vriende van die teenoorgestelde geslag.

Gesondheid hou ook verband met die behoefte aan leedvermyding in die voorafgaande paragraaf. 'n Siek mens is 'n mens wat pyn verduur of minstens ongemak ondervind.

In alle kinderwetskole is daar voltydse verpleegkundiges op die personeel om na leerlinge se gesondheidstoestand om te sien en indien nodig die dienste van die distriksgeestesheer te verkry. Die verpleegkundige is ook verantwoordelik vir sielkundigheid en netheid in die skool en koshuise.

Gereelde badtye, skoon klere en gesondheidsorg in die skool is egter nie genoeg nie en daarom word die leerlinge ook die "hoe" en die "waarom" van

persoonlike gesondheid en higiëne in die skool geleer sodat, wanneer hy teruggaan na die samelewing buite die skool, hy self die verantwoordelikheid kan oorneem om in hierdie basiese behoefte te voorsien (Departement Nasionale Opvoeding, 1982 : 3-5).

4.3.1.4 Ontspanning en vryetydsbesteding

Alle mense het behoefte aan ontspanning. Dit gee liggaam en gees die geleentheid om te herstel van spanning en uitputting. Tweedens is ontspanning gewoonlik genotvol en daarom voorsien dit ook in die behoefte van sintuiglike genot (kyk par. 4.3.1). Derdens lewer ontspanning 'n waardevolle bydrae tot die persoonlikheidsontwikkeling van die adolessent omdat hy deur middel van ontspanning en vryetydsbesteding vrywillig betrokke raak by een of ander vormende sportsoort of ander sosiale en kulturele bedrywighede (Gerdes et al, 1981 : 262-3).

Hurlock (1967 : 243) is van mening dat behoeftebevreëdiging ten opsigte van ontspanning by adolessente noodsaaklik is veral om twee redes. In die eerste plek dra ontspanning by tot die geluk van die individu en is dit ewe noodsaaklik vir fisiese en geestelike gesondheid. Verder stel die ontspanningsaktiwiteite van die adolessent 'n lewenspatroon wat na volwasseheid oorgedra word.

Daar word in die kinderskool beplan en voorsiening gemaak vir ontspanningsgeleentheid en -geriewe soos in hoofstuk vyf volledig beskrywe sal word. Die adolessent moet leiding van sy ouers en onderwysers kry ten opsigte van vryetydsbesteding. Algehele ledigheid is vir enigiemand 'n kruis en die adolessent moet dus geleer word om sy vryetyd nuttig te bestee, al is dit op ontspanning gerig.

In die kinderskool dien vryetydsbesteding ook 'n verdere doel. Die opvoeder kan gedurende die aktiwiteite van vryetydsbesteding 'n aanduiding kry van die leerling se voorbereidheid vir die vryer buitelewe na skool, hoe hy versoeke weerstaan en keuses uitoefen, hoe geslaagd hy sy vrye tyd benut en tot watter mate hy bereid is om verantwoordelikheid te aanvaar en watter soort hulp hy nog nodig het. Daar is in die kinderskool altyd 'n mate van toesig

wat so onopsigtelik moontlik moet geskied (Departement Nasionale Opvoeding, 1982 : 70).

4.3.2 Intellektuele behoeftes

Jean Piaget was waarskynlik die navorser wat die grootste bydrae gelewer het tot die studie van die kognitiewe ontwikkeling van die kind. Volgens hom verloop die kognitiewe ontwikkeling in vier stadia: (De Wet en Van Zyl, 1974 : 18).

- (a) die sensories-motoriese stadium (geboorte tot twee jaar oud);
- (b) die voor-operasionele stadium (twee tot sewe jaar oud);
- (c) die stadium van konkreet-operasionele denke (sewe tot elf jaar oud) en
- (d) die formeel-operasionele stadium (elf jaar en ouer).

Die laaste en belangrikste stadium van die verstandsonwikkeling word dus gedurende adolessensie bereik. In hierdie stadium beskik die individu oor die vermoë om volgens abstrakte begrippe te redeneer. Hy is in staat om deduktief van algemene gegewens te redeneer, om probleme op te los deur alle moontlikhede te ondersoek en hul stelselmatig te toets om vas te stel watter die doeltreffendste sal wees in die oplossing van 'n probleem (Gerdes et al, 1981 : 286-7).

Die vermoë om abstrak te kan dink en redeneer is een van die belangrikste komponente van die mens se vermoëns. Hierdie vermoë word gedurende adolessensie bemeester en lei tot wetenskaplike nuuskierigheid wat as 'n wesentlike behoefte by die adolessent geïdentifiseer kan word.

Om in hierdie behoefte te kan voorsien moet die geleenthede vir kognitiewe ontwikkeling en die motivering daarvoor deur die skool geskep word, terwyl aanleg, belangstelling, deursettingsvermoë en selfvertroue voortdurend gestimuleer moet word (Jordaan et al, 1977 : 798-9).

"The opportunity for creative thinking and creative expression of all kinds is a continuing need for the adolescent. If the significance of creativity is understood, schools would never debate its place in school curricula. It is only

through creative acts that the individual is truly himself, and it is only as he is himself that he remains emotionally healthy." (D'Evelyn, 1960 : 27).

In die geval van die pedagogies verwaarloosde adolessent in die kinderwetskool word intellektuele behoeftes sterk beklemtoon. Dit is 'n gebied waar die meeste van die leerlinge voor toelating nadelig getref is as gevolg van 'n toeloop van pedagogiese depriverende omstandighede. Skolastiese agterstand en onderprestering kom gevolglik ook vry algemeen voor en die gevolge van 'n geskiedenis van mislukking is ewe opvallend. Die behoeftes van die leerling op hierdie terrein is velerlei. Daar moet vir vroeëre deprivasie gekompenseer word deur 'n doelgerigte program van stimulasie op 'n baie breë vlak (Departement Nasionale Opvoeding, 1982 : 6). Die intellektuele behoeftes het by die adolessent twee komponente; 'n drang na kennis in die algemeen en 'n drang na kennis en inligting in verband met die beroepswêreld.

4.3.2.1 Drang na kennis

Volgens Ausubel et al (1980 : 417), word die drang na kennis (intellectual curiosity) alreeds geopenbaar in die voorskoolse jare deur die soort en hoeveelheid vrae wat die kind vra. Aanvanklik het die vrae betrekking op dinge in die onmiddellike omgewing en hulle name. Later begin die vrae wegbeweeg van die "wat?" en al hoe meer die vorm van "hoe?" en "waarom?" aanneem. Nog later wanneer die kind kom by abstrahering en probleemoplossing is die soeke na resultate deur sy vrae van groot belang en begin hy om die spektrum van alternatiewe te vernou na 'n afdoende antwoord. Abstraheringsvermoë lei die adolessent om matematies korrek, logies en filosofies te soek na antwoorde. Hy begin om hipotesisse te stel en toets hulle dan aan feite en veralgemenings wat positiewe sowel as negatiewe moontlikhede insluit (Mc Candles, 1970 : 246-7).

Jones en Pritchard (1980 : 25) meen dat adolessente wat voltydse onderrig geniet voortdurend besig is om hulle intellektuele vermoë te verbreed. Die verhoging in die intellek moet egter aan verhoogde vaardighede in die dinkproses en ervaring toegeskryf word en nie aan kwalitatiewe verhoging van die intelligensie nie.

Om die drang na kennis te benut moet die skool ruim voorsiening maak vir prikkelende en waardevolle leesstof. 'n Goedtoegeruste bronnensentrum en besielende leiding van die onderwyser in die kinderwetskool kan hier van groot belang wees.

4.3.2.2 Beroepsbehoeftes

Die adolessentejare is die jare waarin alle jeugdiges ernstig begin dink aan wat vir hulle wag in die samelewing. Dit is ook die ideaal van die kinderwetskool om die sorgbehoewende kind gedurende sy verblyf in die skool sodanig te vorm dat hy by skoolverlating gereed sal wees om 'n plek in die samelewing suksesvol te kan volstaan. Dit sal nie moontlik wees om hierdie ideaal te verwesenlik sonder om ook aandag te gee aan die beroepsgerigte behoeftes van die kind nie.

By skoolverlating is die meeste of feitlik alle leerlinge van die kinderwetskool op toetrede tot die volwasse beroepslewe aangewese. Van hulle word dan verwag om 'n beroepskeuse te maak en om die beroep van hul keuse met sukses te beoefen. Diegene wat suksesvol is in hul werksituasie het meer grond onder hulle voete om aanslae buite die werksituasie te hanteer en te "oorleef" (Departement Nasionale Opvoeding, 1982 : 10–11).

Uit wat hierbo gesê is, volg dat die adolessent tereg 'n behoefte het aan leiding ten opsigte van 'n vakkeuse met die oog op 'n beroepskeuse. Kruger (1973 : 64) noem dan ook beroepsleiding as onderdeel van die jeugweerbaarheidsprogram.

Om van die kind 'n welaangepaste, tevrede, gelukkige arbeider in diens van sy Skepper en medemens te maak, het die kind beroepsvoorligting nodig. Dit moet vir die leerling lewensdoelstellings bybring, sy persoonlikheid positief laat ontplooi, aan hom die nodige kennis en inligting voorsien en die drie komponente van voorligting vir elke leerling in ewewig laat kom. Beroepsvoorligting is ook nie iets wat net by spesifieke geleenthede (bv. voorligtingsklasse) tot sy reg moet kom nie, maar moet verweef wees met die opvoedingshandeling in geheel. Die kind se vermoëns, belangstellings, aanleg, prestasie, vakkeuse, studiehoudings en studiemetodes speel gesamentlik 'n rol by die beroepskeuse (Kruger, 1979 : 208–9).

As die kind leiding ten opsigte van die keuse van 'n beroep ontvang en dan nog in die skool vir die spesifieke beroep opgelei kan word, bring dit ook vir die adolessent 'n gevoel van sekuriteit mee. Die kinderwetskool met sy beroepsgerigte vakopleiding voorsien in 'n ruim mate in die beroepsbehoefte van seuns sowel as dogters. Die feit dat die skool die leerling voorberei vir 'n stewige staanplek in die samelewing, vorm deel van die sosio-pedagogiese taak van die kinderwetskool.

4.3.3 Sosiale behoeftes

Die mens is aangewese op 'n lewe saam met ander mense in 'n verhouding van sterk onderlinge afhanklikheid. In sy ontwikkeling moet die individu leer om harmonieus met ander individue saam te leef. Aanvanklik het sosiale psigoloë geglo dat hierdie gemeenskapsgevoel by die mens aangebore is. Alhoewel daar waarheid in hierdie idee mag wees, word vandag geglo dat dit eerder toegeskrywe moet word aan 'n psigologiese behoefte by die individu om harmonieus met ander individue saam te leef (Freedman et al, 1980 : 45).

Die sosiale behoeftes van die adolessent behels veral vyf belangrike aspekte – die saamleef met ander mense (affiliatie); aanvaarding en erkenning; onafhanklikwording; eie besluitneming en bewondering en identifikasie:

4.3.3.1 Affiliatie

Die behoefte aan affiliasie is die behoefte om met ander mense te verkeer en dit bring interafhanklikheid tussen die self en ander mense mee. Diegene by wie hierdie behoefte sterk is, is gewoonlik vriendelik van geaardheid en hulle wil liever ander mense se guns wen en met hulle saamwerk as om hulle te opponeer en te probeer oortref. Hulle sal waarskynlik meer daarna streef om aanvaar te word en goeie sosiale interaksie by hul bedrywighede te hê as om persoonlike sukses te behaal (Gerdes et al, 1981 : 241).

Die behoefte van affiliasie kom veral sterk na vore gedurende adolessensie en dan meer spesifiek affiliasie met lede van die portuurgroep. Garrison (1961 : 322) meen dat die vernaamste ontwikkelingsake van seuns en dogters ge-

durende adolessensie slegs deur medium van die portuurgroep bemeester kan word. "It is in this group that *by doing* they learn about the social processes of our culture. They clarify their sex roles by acting and being responded to, they learn competition, co-operation, social skills, values and purposes by sharing the common life."

Volgens Lindgren (1969 : 81) word die behoefte aan affiliasie soms geopponeer deur die behoefte aan prestasie. Ter wille van persoonlike prestasie sal die individu soms ander lede van die groep vermy en slegs affilieer in so verre die ander hom kan dien om sy eie prestasie te verbeter. Die teenoorgestelde is egter volgens hom ook waar. Die affiliasiebehoefte kan by sommige adolessente die prestasiebehoefte domineer. In so 'n geval sal hy dan sy prestasies beheer en selfs sy pogings om beter te presteer staak om sodoende sy maat se pogings nie minderwaardig te laat voorkom nie.

In die kinderwetskool kry die adolessent ruim geleentheid om te affilieer; veral met lede van die portuurgroep. Affiliasie kan ook op vele terreine geskied en staan in verband met werk, spel, ontspanning, vryetydsbesteding en ongeforseerde sosiale verkeer.

4.3.3.2 Aanvaarding en erkenning

Die behoefte om te voel dat hy iets werd is, is 'n basiese behoefte wat inherent by elke mens is. Opvoeders weet wat die motiveringswaarde van selfs 'n enkele woord van lof is. Net so wel kan gebrek aan erkenning die oorsaak wees van mislukking en van gedrags- en leerprobleme waardeur die kind dan wel negatiewe erkenning vir homself bewerkstellig (Kruger, 1977 : 66).

Aanvaarding, veral deur die portuurgroep, is vir die adolessent net so belangrik as erkenning. Deelname aan sosiale bedrywighede beteken nog lank nie aanvaarding nie. Hurlock (1967 : 172) meen dat aanvaarding saamhang met die kwaliteit van deelname aan die bedrywighede van die groep. Die populêre adolessent is die een wat deur sy gedrag iets aan die groep kan bied en wat konformiteit toon met die norme van die groep. Word hy swak aanvaar deur die groep, skaad dit sy selfbeeld omdat hy dan glo dat daar iets met hom skort en

dat hy gedoem is tot mislukking.

Aanvaarding deur die personeel sowel as die leerlinge is vir die nuweling in die kinderskool van groot belang omdat baie van hierdie kinders reeds die vernedering van verwerping, selfs deur een of albei ouers, moes deurmaak. Ewe so is die geval met erkenning omdat hierdie leerlinge reeds vantevore dikwels al moes hoor hoe sleg hulle is en dat hulle tot mislukking gedoem is. Deur aanvaarding word die leerling daarvan bewus gemaak dat hy self nie voortdurend op die verdediging hoef te wees nie en bedreig hoef te voel nie, dat hy sy medemens kan vertrou, dat hy liefde van ander kan ontvang en dat hy met veiligheid sy toegentheid met ander kan deel; dat die wêreld hom nodig het en dat hy beide genot en sekuriteit kan put uit die bydrae wat hy met sy besondere potensiaal kan lewer (Departement Nasionale Opvoeding, 1982 : 8).

4.3.3.3 Onafhanklikheid

Die adolessente jare is die tyd wanneer die kind die behoefte begin voel om minder afhanklik van ander mense te wees. Hy begin homself geestelik voorberei om op sy eie bene te kan staan. Kraemer (1982 : 51) meen dat die meeste adolessente hierdie proses sonder ernstige probleme deurleef. Emosionele versteurings en spanning kan egter by die jeugdige voorkom as die selfstandigwording té vroeg begin of as die ouers die kind te lank afhanklik wil hou. Laasgenoemde vind dikwels plaas as die jongste kind die huis moet verlaat en die ouers vrees vir die spreekwoordelike "leë nes".

Een van die moeilikste ontwikkelingsake van die adolessent is om emosioneel onafhanklik te word. Dit word in die moderne gemeenskap nog moeiliker gemaak deur die feit dat hy onafhanklik van sy ouers wil wees, maar tog die sekuriteit wat die ouerhuis bied, wil behou. Aan die ander kant vrees die ouers heimlik die gevolge van die emosionele wegbreking van die kind en is gevolglik huiwerig om hom te help in hierdie opsig. Kinders wat egter nie emosioneel selfstandigheid gedurende adolessensie kan verwerf nie, sal ook nie in staat wees om hulle eie besluite te behartig en verantwoordelikhede te aanvaar in hul vroeë volwassenheid nie (Garrison, 1961 : 17-18).

Shulman en Klein (1982 : 219) meen dat alle gesinslede wat daartoe in staat is, die adolessent moet help in sy pogings om selfstandig te word. Die gesin moet so funksioneer dat hulle die selfstandigwording van die jeugdige vergemaklik deur byvoorbeeld sy opinie in ag te neem by besluite wat die gesin raak, en soms belangrike besluite (onder onopsigtelike toesig) in sy hande te laat. As hy dan die regte besluit neem, behoort hy erkenning te kry, en indien hy verkeerd sou besluit, behoort hy taktvol reggehelp te word. In teenstelling hiermee kan die gesin ook sy selfstandigwording strem deur oorbekkering en deur voortdurend fout te vind met sy vriende en vriendskappe buite gesinsverband.

In die tweede plek ondervind die adolessent (alhoewel dit eintlik eers na skool van toepassing word) gedurende die senior skooljare reeds 'n behoefte aan ekonomiese onafhanklikheid. Die keuse van en voorbereiding vir 'n beroep wat hom ekonomies onafhanklik sal maak, is veral van belang by seuns, maar neem steeds toe in belangrikheid by dogters. Besluite wat hierby betrokke is, bepaal die toekoms en geluk van die adolessent in sy volwasse status en dit is belangrik dat hy nog kundige hulp van volwassenes moet kry in hierdie verband (Garrison, 1961 : 18).

Die kinderwetskool beskik oor opvoedkundige hulpdienste wat in laasgenoemde behoeftes van die adolessent kan voorsien. Residensiële skoolsielkundiges is voortdurend besig met individuele sowel as groepterapie en verskaf die leiding met betrekking tot beroepskeuse aan die hand van aanleg- en I.K.-toetse in die voorligtingsklasse.

4.3.3.4 Besluitneming en verantwoordelikheid

Met die behoefte aan besluitneming en die aanvaarding van die verantwoordelikheid wat sodanige besluitneming mag meebring, word die behoeftes, soos in die voorafgaande paragrawe bespreek, 'n stap verder geneem.

Pringle (1980 : 56) meen dat dit 'n gekompliseerde taak is om onvolwassenes en onverantwoordelikes voor te berei vir die aanvaarding van verantwoordelikheid. Hulp moet verleen word om die probleem te identifiseer, inligting om-

trent die waarskynlike gevolge van die besluit moet verskaf word, maar die jeugdige moet ook die geleentheid gegun word om self die besluit te neem. Al sou die opvoeder meen dat dit 'n verkeerde besluit is, moet hy die proses laat voortgaan; tensy die gevolge katastrofies gaan wees vir die adolessent. Terselfdertyd moet die volwassene gereed wees om die kind by te staan in die hantering van die gevolge.

In 'n ondersoek na die ontwikkelingsprobleme van 15-jariges het Porteous (1979 : 317) bevind dat adolessente oor die algemeen 'n gebalanseerde mening oor hulle probleme huldig, maar hulp en leiding van volwassenes verlang, veral met betrekking tot beroepskeuse, akademiese opleiding en die verkryging van toepaslike betrekkings. Hulle strewe na selfverwesenliking en prestasie, maar verwag in hierdie strewe leiding, advies en hulp van hulle ouers en onderwysers.

Die skool het veral 'n belangrike bydrae om te maak in hierdie verband. In die klaskamer ontstaan talle situasies waar die leerlinge 'n aandeel kan hê in besluitneming onder leiding van die klasonderwyser.

Wanneer die adolessensiejare bereik word, beweeg die adolessent weg van die egosentrisme van die klein kind en begin hy sy gedrag oorweeg in die lig van hoe dit ander mense sal raak — gunstig of ongunstig. Die adolessent begin dus om sy verantwoordelikheid teenoor ander te besef en neem dan besluite oor sy optrede hiervolgens. Besluitneming word dus 'n rasonale proses waartydens voordele en nadele van die moontlike gevolge teenoor mekaar opgeweeg word (Gerdes et al, 1981 : 94—94).

4.3.3.5 Bewondering en identifikasie

Bewondering van 'n ander persoon, gewoonlik 'n filmbeeld, 'n sportuitblinker, 'n televisiesanger, of sommer 'n vriend met 'n spesifieke eienskap wat bewondering afdwing, is 'n tipiese eienskap van die adolessent. Soms gaan die bewondering so ver dat dit as heldeverering gesien kan word. Net soos die adolessent andere bewonder, ondervind hy ook die behoefte om self bewonder te word vir sy prestasies en ander bewonderingswaardige eienskappe waaroor hy mag beskik (Van Deventer, 1979 : 295).

Die persone wat deur die adolessent bewonder word, word dikwels vir hom identifikasiefigure. Hy is geneig om homself te affilieer met individue of groepe waarmee hy graag wil identifiseer en waarmee hy glo of hom verbeel dat hy iets in gemeen het. Hy neig dan om die persone met wie hy identifiseer na te boots en neem van hul houdings aan (Gerdes et al, 1981 : 80).

By die jong kind veral, kan die identifikasie soms ook negatief wees. Die kind identifiseer byvoorbeeld maklik met 'n rampokkerfiguur wat deur die media as 'n held voorgelou word. Die behoefte om te identifiseer is by die adolessent nie meer van wesentlike belang nie, behalwe waar dit gaan oor identifikasie van die adolessent met sy gemeenskap. Vir normale aanvaarbare gedrag in enige gemeenskap moet die adolessent voel dat hy geïdentifiseer is met die gemeenskap waarin hy hom bevind. Hy moet voel dat hy 'n aanvaarde lid van die gemeenskap is, dat hy gerespekteer word deur die ander lede en dat hulle hom as 'n waardevolle lid beskou (D'Evelyn, 1960 : 48).

4.3.4 Emosionele behoeftes

Emosionele ontwikkeling by die adolessent is 'n oorgangstadium vanaf 'n eenvoudige emosionele lewe by die jong kind na die ingewikkelde emosionele lewe van die volwassene. Die tydperk word gekenmerk deur verhoogde emosionaliteit wat maklik van een uiterste na die ander beweeg. Die adolessent reageer op 'n alles-of-niks-manier. Emosionele uitbarstings is aan die orde van die dag en dit is miskien een van die redes waarom daar soms na adolessensie verwys word as die periode van 'storm en drang'. Die storm is óf 'n vurige liefde, toegeneentheid en entoesiasme óf 'n uiterste teësinnigheid en onverskilligheid wat selfs kan grens aan haat. Die emosionele reaksies is uiters onvoorspelbaar (Gerdes, 1966 : 39).

Hurlock (1967 : 81) meen dat die verhoogde emosionele toestande by vroeë adolessensie eerder aan te hoë sosiale verwagtings en onvermoë van die jeugdige om aan hierdie verwagtings te voldoen, toegeskryf moet word as aan fisiese veranderinge in die liggaam soos vroeër gemeen is. Dit is die wanverhouding tussen die sosiale verwagtings, die adolessent se eie aspirasies en sy onvoldoende bekwaamhede wat aanleiding gee tot emosionele spanning. Die adolessent stel

vir homself 'n doel wat ver bokant sy vermoë is. As hy dan misluk, verlaag hy sy mikpunt, wat maar net nog weer bydra tot sy gevoel van fisiese en psigiese ontoereikendheid. In die volgende paragraaf sal aandag gegee word aan affektiewe behoeftes soos platoniese liefde, romantiese liefde, seksualiteit, aggressie, angs en spanning.

4.3.4.1 Liefde, vriendskap en respek

Liefde is 'n belangrike begrip, nie net vir die adolessent nie, maar vir alle mense. Die emosies wat om die voorwerp van liefde sentreer en die hoofkomponente van liefde vorm, is onder meer teerheid, bewondering, respek, toewyding, vriendskap, jaloesie, toegeeflikheid, beskerming, lojaliteit en selfs aggressiwiteit. Elk van hierdie komponente het 'n funksie in die ontwikkeling van die persoonlikheid. Moederliefde en teerheid dien 'n affektiewe biologiese doel, terwyl vriendskap 'n sosiale doel dien. Die betekenis van liefde varieer ooreenkomstig die komponent wat op die betrokke oomblik dominant is. Liefde kan in betekenis varieer van die mees sensuele (verliefde jongmense) tot die mees verhewe vorm van liefde, naamlik liefde tot God (Van Deventer, 1979 : 294).

Liefde beteken vir die adolessent sekuriteit. Hy is nog afhanklik van die versorgende liefde van sy ouers en familieleden wat van groot belang is vir sy gebalanseerde ontwikkeling. 'n Gebrek aan ouerliefde lei soms selfs tot leer- en gedragsprobleme en persoonlikheidsafwyking by die jeugdige. Ervaring van liefde by die huis, by die skool en van die samelewing stimuleer ook die adolessent om liefde te kan gee (Kruger, 1977 : 65-6).

Gedurende die kinderjare was die vriende weinig meer as speelmaats. Die adolessent se vriendskap word gefundeer op 'n wedersydse toegeneentheid tussen hom en die vriend wat meer blywend is. Adolessente sluit maklik vriendskapsbande met ander adolessente omdat hulle so baie in gemeen het, veral as dit oor ontwikkelings- en aanpassingsprobleme gaan. Dit is dan ook tipierend van hierdie lewensfase om 'n sogenaamde 'boesemvriend' te hê met wie alle probleme gedeel kan word.

Hurlock (1967 : 130) beweer dat die adolessent daarop aandrang om sy eie

vriende te kies. As sy ouers probeer om vriende op hom af te dwing, word die voorgestelde vriende verwerp; nie so seer omdat hulle onaanvaarbaar is nie, maar eerder as gevolg van die ouers se inmening. Hy maak dan ook dikwels foute in hierdie opsig en beland maklik onder die slegte invloed van 'verkeerde' vriende.

Die adolessent leer egter met verloop van tyd dat langdurige vriendskappe nie net op voorkoms gesluit moet word nie, maar eerder op grond van kwaliteite van gemeenskaplike belange en moontlikhede (Fein, 1978 : 474).

Respek gaan gepaard met vriendskap, maar veronderstel dit nie noodwendig nie. Die adolessent kan 'n persoon, byvoorbeeld sy onderwyser, respekteer sonder om hom as 'n persoonlike vriend te beskou. Respek dien dikwels om seksualiteit te inhibeer. 'n Seun se vriendin kan vir hom seksueel baie begeerlik wees, maar omdat hy haar respekteer, sal hy homself nie aan haar opdrag nie (Van Deventer, 1979 : 295).

4.3.4.2 Romantiese liefde

Romantiese liefdesverhoudings tussen die geslagte gedurende die adolessentjare is 'n algemene verskynsel en is terselfdertyd 'n wesentlike emosionele behoefte by die adolessent. Volgens Hurlock (1967 : 530) word die behoefte aan liefdesverhoudings met die teenoorgestelde geslag vroeër deur meisies ondervind en is dit sterker romanties gekleur as by seuns. Alhoewel die dogter nie meer aan romantiese feëverhale glo nie, geld die invloed daarvan in die kinderjare nog steeds en bring dit 'n romantiese vertroeteling van die verhouding mee, terwyl seuns meer realisties in hul benadering is.

Omdat al die kinderwetskole slegs leerlinge van een geslag akkommodeer, is daar nie veel geleentheid vir bevrediging van hierdie behoefte nie en is die verhoudings meestal beperk tot vakansies.

4.3.4.3 Seksualiteit

Omdat die adolessent reeds seksuele rypheid bereik het, tree seksualiteit ge-

durende hierdie lewensfase sterk na vore. Dit is een van die belangriker komponente van adolessensie en kan gedefinieer word as daardie groep funksies en aktiwiteite wat reproduksie as natuurlike doel het (Hadfield, 1960 : 342).

Seksuele behoeftes moet volgens norms van ons kultuur voor die huwelik, dit wil sê gedurende adolessensie, beheer word. Die wyse waarop die jeugdige sy seksualiteit ervaar, is 'n psigiese aangeleentheid wat met ongemak en verwarring kan gepaard gaan. Om die behoefte-ervaring van sy liggaam in lyn te bring met die samelewingsnorm van selfbeheersing en voorhuwelikse onthouding, kan vir die adolessent verwarring en frustrasie meebring (Pretorius, 1981 : 174).

Om hierdie situasie te kan hanteer op sosiaal-aanvaarbare wyse, het die adolessent realistiese seksuele voorligting nodig. Die alternatief, wat neerkom op losse sedes, is vir die christen onaantvaarbaar. Normale heteroseksuele verkeer tussen geslagte moet egter deur ouers en onderwysers bevorder word in belang van 'n gebalanseerde ontwikkelingsgang by die adolessent (kyk ook par. 3.5.4 en 3.5.5).

4.3.4.4 Angs en spanning

Angs en spanning hou verband met mekaar, maar is nie dieselfde nie. Angs as 'n ervaring verwys na 'n defuse gevoel van bedreiging sonder dat die persoon bewus is van 'n spesifieke oorsaak van die gevoel. Die gevoel is so deурdringend dat dit aan al die lewenservaringe van die individu 'n affektiewe kleur gee en doeltreffende funksionering belemmer. Omdat die oorsaak van angs nie bekend is aan die persoon wat dit ervaar nie, word angs gekenmerk deur 'n gebrek aan kognitiewe inhoud. Emosionele spanning is die gevoel van gespannenheid wat die individu ervaar ten opsigte van inwerkende stressors. Dit is 'n gevoelstoestand wat 'n komponent vorm van alle affektiewe belewenisse soos angs, blydschap, verdriet, woede, ens (Jordaan et al, 1977 : 532).

Spanning en angs kan nie as emosionele behoeftes geklassifiseer word nie, maar eerder die hantering of verwerking daarvan deur die mens. Dit is vir die opvoeder noodsaaklik om kennis te dra van simptome van emosionele spanning by die adolessent wat verantwoordelik is vir sy bakleierigheid, onvoorspelbaar-

heid, skommeling in gemoedstoestand en algemene tekortkominge in motoriese sowel as intellektuele handeling. Verder kan dit fisiologiese simptome soos slapelooshed, nagmerries, chroniese vermoeidheid en irriterende hoofpyn tot gevolg hê.

Die residensiële skoolsielkundiges by kinderskole kan, as hulle bewus word van spanning by die kind, deur terapeutiese onderhoude probeer vasstel wat die oorsaak van die spanning is en voorligting gee in die hantering daarvan.

4.3.4.5 Aggressie en frustrasie

Die term aggressie of aggressiwiteit word algemeen gebruik om 'n handeling aan te dui wat 'n persoon uitvoer as hy kwaad is. Dit dui verder daarop dat die daad emosiebelaaie is. Oor die wese van aggressie skryf Jonker: "Aggressie is 'n primitiewe reaksie op frustrasie gepaard met 'n vyandige houding en haat gerig op die oorsaak van die individu se ongerief. Aggressie kan dus enersyds as aspek van weerstandsgedrag tot uiting kom en andersyds met die frustrasie van die behoeftes te make hê; sodanige frustrasie sou waarskynlik veral met die selfgeldingsbehoefte in gedrang gebring kan word, sodat aggressie in dié sin deur kompensasiestrewes ten opsigte van gevoelens van ongenoegsaamheid en minderwaardigheid in die hand gewerk kan word." (Jonker, 1973 : 32–3).

Frustrasie ontstaan in die produktiewe denkproses wanneer 'n persoon 'n probleem wil oplos, maar deur een of ander faktor buite sy beheer verhinder word om dit te doen. Dit bring gewoonlik 'n gevoel van magteloosheid mee wat meestal in onredelike woede eindig. Frustrasie skep spanning wat op sy beurt weer die kognitiewe prosesse belemmer. Die gefrustreerde persoon spits sy aandag sodanig toe op die feit dat hy nie die probleem kan oplos nie, dat hy alternatiewe moontlikhede glad nie oorweeg nie (Herbert, 1974 : 173).

Frustrasie het egter nie altyd 'n nadelige uitwerking op die denkproses nie. In sommige gevalle dien dit juis as aansporing vir die persoon om weer van meet af aan te begin en dan tog uiteindelik sukses te behaal (Jordaan et al, 1977 : 638).

4.3.5 Morele behoeftes

Morele behoeftes van die adolessent hang baie nou saam met die behoefte aan onafhanklikheid (kyk par. 4.3.3.3). Ouers se morele opvattinge word aangeleer gedurende die kinderjare en die klein kind se sienswyses is eenvoudig en konkreet en hy aanvaar sonder om te bevraagteken. By die adolessent is dit anders. Hy het reeds die stadium bereik waar hy selfstandig is in sy denke en daarom vra hy vrae en beredeneer hy die morele en sedelike opvattinge en standaarde van die samelewing waarin hy opgroei.

4.3.5.1 *Waardes en norme*

Navorsing het getoon dat adolessente intense belangstelling toon in filosofiese en religieuse probleme. Hulle is veral geïnteresseerd in die sin en doel van die lewe. In die proses om 'n eie lewensfilosofie te ontwikkel word die adolessent gekonfronteer met baie dinge waarvoor hy geen beheer het nie, soos sy kulturele agtergrond, ekonomiese sekuriteit, sosiale status van sy ouers en 'n variërende gemeenskapsdinamika. As die jeugdige egter nie sy eie waardesisteen ontwikkel nie, gaan dit vir hom baie moeilik wees om besluite te neem oor sy toekoms en toekomstige aanpassing en geluk (Garrison, 1961 : 18).

In elke gemeenskap is daar nie alleen waarde- en normeverskeidenheid nie, maar waarde en normeverskille kom van groep tot groep en selfs van mens tot mens voor. Bowe-al is waardes en norme in elke gemeenskap in een of ander opsig voortdurend aan die verander. As gevolg van steeds verbeterende kommunikasie kan byvoorbeeld die afwering van sekere norme vinnig van een gemeenskap na die ander versprei (Cronje en Van der Walt, 1978 : 6-7).

Ten spyte van al die struikelblokke is dit steeds 'n behoefte by die adolessent om sy eie waarde- en normesisteen te ontwikkel. Al doen hy dit krities, is dit tog menslik dat sy waardes en norme basies met dié van die gemeenskap moet konformeer, anders loop hy die risiko om as gedragsafwykend gebrandmerk te word.

Die kinderwetskool het 'n belangrike bydrae te lewer in verband met die ont-

wikkeling van eie waardes en norme by die leerlinge. Omdat die kind wat tot die skool toegelaat word sorgbehoewend bevind is, in baie gevalle as gevolg van onvoldoende toesig of 'n gebrek aan toesig, volg dit dat so 'n kind weinig van 'n waarde- en normesisteem ontwikkel het. Indien hy wel oor 'n sisteem beskik, is die kans goed dat dit skeef kan staan teenoor die heersende morele norme en sedes.

4.3.5.2 Gewete en skuldgevoelens

Die gewete en skuldgevoelens staan in noue verband met die morele waardes en sedes.

Die adolescent se gewete is 'n innerlike kontrolerende mag wat gedrag reguleer en uiterlike verbod onnodig maak. "The self has the strange capacity to commune with itself both as a spectator and as a mentor with a small voice. This most mysterious of all self-phenomena proves to be a profound reality for the growing adolescent. This is his conscience." (Hurlock, 1967 : 434).

Skuldgevoelens is 'n spesiale manier van selfevaluasie wat plaasvind as die individu bewus word daarvan dat sy gedrag nie strook met 'n gegewe morele waarde nie. Dit is die belangrikste psigologiese innerlike meganisme waardeur die individu homself sosialiseer in ooreenstemming met die gebruike en standaarde van die gemeenskap waarin hy opgroei (Herbert, 1974 : 196-9).

Daar is 'n verskil tussen skuldgevoelens en skaamte. Skuldgevoelens is 'n innerlike strafmaatreël wat die gewete die self ople sonder dat die verkeerde daad waaroor dit gaan ooit aan die lig hoef te kom. Daarenteen kom skaamte voor wanneer die individu op die onreëlmatigheid betrap word (Mc Candless, 1970 : 400 ; Hurlock, 1967 : 343).

Gewete en skuldgevoelens kan as 'n komplement van behoefte gesien word en word deur kondisionering en teregwysing by die jeugdige teweeggebring. Die ervaring van die gewete en van skuldgevoelens by die leerling dui daarop dat sy opvoeding wel daarin geslaag het om norme en waardes by hom tuis te bring.

4.3.5.3 Soeke na identiteit

Die individu se identiteitsontwikkeling geskied aanvanklik onbewustelik. Gedurende adolessensie word die soeke na 'n identiteit meer bewustelik na mate selfbewustheid en kritiese selfondersoek toeneem. Die vraagstuk van 'n eie identiteit 'setel' in die 'kern' van die menslike sisteem, maar ook in die kern van die gemeenskap se kultuur (Gerdes et al, 1981 : 279).

Aanvanklik vind die kind identiteit onbewustelik in die gesinsituasie en is die identiteit gebaseer op fisiese eienskappe wat hom van die res van die familielede onderskei. Geslagsverskil, ouderdomsverskil, verskil in voorkoms en grootte is vir die jong kind genoegsame identifiserende eienskappe. Gedurende adolessensie is die jeugdige nie meer hiermee tevrede nie en soek hy na 'n hoogs persoonlike identiteit wat kongruent is met sy fundamentele persoonlikheidstendense gomeet aan die sosiale en kulturele opset as verwysingsraamwerk (Ausubel, 1980 : 222).

Die adolessent ondervind in sy soeke na identiteit dubbelsinnighede en ambivalensies wat identiteitsverwarring meebring; teenstrydighede wat spanning veroorsaak en wat hy geleidelik moet ontrafel. Adolessente wat reeds redelike emosionele stabiliteit bereik het sal die spanning kan verwerk, maar ander mag voel dat hulle onmiddellike verligting van die twyfel moet kry. So sal die seun wat twyfel het oor sy manlike eienskappe ontaard in 'n boelie om sodoende sy slagoffer na 'n "sussie" te laat lyk. In werklikheid projekteer hy maar net sy twyfel op die kleiner seun, maar dit bring vir hom innerlike verligting. Hierdie soort optrede kan lei tot afwykende gedragspatrone by adolessente (Meyerson, 1975a : 46).

Die identiteitskrisis gedurende adolessensie het ook 'n sterk seksuele komponent. Die adolessent worstel met die vrae: "Wie of wat is ek?" "Waar pas ek in?" "Sexuality is the prism of identity. The adolescent explores himself through situations, learns more clearly who or what turns him on, whether he is heterosexual or homosexual, child or adult, masculine or feminine, active or passive; he comes to terms with or changes the balance of multiplicity of emotional innuendos and ambiguities." (Meyerson, 1975b : 99).

In sy soeke na identiteit kan die adolessent gehelp word deur erkenning en aanvaarding. Deur prestasies en goeie eienskappe, hoe gering ook al, te erken en te beklemtoon en die negatiewe te aanvaar, kan onderwysers en maats die leerling laat voel dat hy iemand spesifiek is en dat hy waardevol is in die skoolgemeenskap.

4.3.5.4 Die ontwikkeling van die selfbeeld

Tesame met die ontwikkeling van die eie identiteit ontwikkel die kind ook 'n selfwaarde of selfbeeld. By die jong kind is die selfbeeld egosentristies. Alles is nie net syne nie, maar móét syne wees. Hy wil alles self doen en is hardnekkig om sy eie identiteit te bewys en sy selfwaarde uit te toets (Du Toit en Van der Merwe, 1970 : 407).

Die adolessent se toenemende intellektuele rypheid en beter insig in waardes, stel hom in staat om sy selfbeeld meer in ooreenstemming met die werklikheid te bring. Die groter sosiale kontak buite die ouerhuis help hom om sy eie selfbeeld te ervaar soos hy is. Gewoonlik identifiseer hy met een van sy ouers of met 'n ander lid van sy groep, omdat hy nie wil "anders" wees nie (Du Toit en Van der Merwe, 1970 : 407).

Die selfbeeld is eintlik niks anders as die opinie (in 'n goeie sin) wat die adolessent van homself koester nie; so soos hy is en so soos hy graag sal wil wees. Die beweging vanaf die beeld wat hy van homself het, na die ideale selfbeeld, is die ontwikkeling of uitbouing van sy selfbeeld. Hierin kan die adolessent gehelp word deur erkenning en aanvaarding en deur geleenthede om homself te bewys. Brammer en Shastrom (1965 : 29) sê dat om die kind te help om meer positief bewus te word van sy unieke lewenstyl, sy ideale en selfbeeld, is een van die vernaamste oogmerke met berading. "The psychotherapist must help the individual to get something in place of his neuroses and "build" an individual self."

Voortdurende afkeuring van die afkerenswaardige is nie voldoende om die kind te bring tot toereikende selfbeoordeling en selfbegrip nie.

Baie kinders in kinderskole handel bloot volgens norme wat hul tuis geleer het. Afkeuring beteken in hulle geval maar net afbreking. Vertroue en begryping vanuit 'n gesagsposisie verseker dat die kind nie in sy waardigheid aangetas word nie. Vanweë sy onmag tot selfbeoordeling en selfbegrip is die pedagogies verwaarloosde kind in die kinderskool veel meer as die kind in die gewone skool aangewys op voortdurende aanmoediging, goedkeuring en beoordeling deur sy onderwysers (Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing, 1975 : 44–5).

4.3.6 Religieuse behoeftes

Die behoefte aan die geestelike, of te wel die religieuse, is inherent by die mens. Dit word bewys deur die afgodediens van die vroegste eeue af. Die mens soek na iets groter en magtiger as hyself aan wie hy kan glo en wie hy kan dien. As die ouer hom nie van kleins af in die beginsels van sy belydenis onderrig nie, skep dit later vir die kind probleme in sy soeke na 'n hoër wese (Kruger, 1977 : 67).

Die ontwikkeling van religieuse behoeftes gaan hand aan hand met die ontwikkeling van morele behoeftes. Die een kan selfs uit die ander voortvloei, terwyl dit mekaar andersyds aanvul (kyk ook par. 4.3.5).

4.3.6.1 Kritiese ondersoek van die kindergeloof

Die kind leer die religieuse beginsels en geloof van sy ouers en aanvaar dit sonder meer. Die adolessent met sy hoër ontwikkelde intellektuele vermoë begin om dit wat hy as kind aanvaar het, krities te beskou. Dit gebeur veral as hy agterkom dat daar van sy vriende is wat anders geleer het en anders glo. 'n Twyfelsituasie ontstaan oor wat reg is, en wat geglo moet word. Die twyfel bring op sy beurt emosionele spanning mee wat die normale ontwikkeling op ander gebiede versteur (Hurlock, 1967 : 399–401).

4.3.6.2 Soeke na waarheid en sekuriteit

Wanneer 'n twyfelsituasie aangaande religie, soos hierbo beskrywe, bereik word,

verwar dit die religieuse denke van die adolessent. Hy weet nie wat om te glo nie. Hurlock (1967 : 401) sê dat die adolessent nou soek na waarheid deur met sy maats en ouers te redeneer, of hy neem 'n skeptiese onverskillige houding in teenoor alles wat hy as kind vas geglo het. Die vertwyfeling word by die hedendaagse jongmens nog verder aangehelp deur subtiële kommunistiese ondergrawing wat ten doel het om die jeugdige los te maak van sy ankers van godsdiens en morele standaarde (Coetzee, 1972 : 6).

Dit is dan ook hier waar die ouer, die skool en die kerk verantwoordelikheid moet aanvaar om die jeugdige van die nodige kennis te voorsien wat sy twyfel uit die weg sal ruim en hom die waarheid en geestelike sekuriteit sal bring waarna hy soek; die ouer deur sy huisgodsdiens, die skool deur agtergrondskennis van God en Sy Woord en die kerk deur kategetiese onderrig. "As die onderrigende taak van die kerk, vertoon die kategetiese 'n opvoedingsdimensie met die doel om die kind daartoe te lei om God te ken, met sy hele hart lief te hê en te dien met sy hele lewe. Die kategetiese onderrig wil die kind se potensieële geloof bring tot 'n bewuste en aktuele geloof." (Jansen van Rensburg, 1976 : 317).

4.4 Samevatting

Adolessensie is die oorgangstydperk vir die jeugdige van die kinderjare na volwassenheid. Dit strek ongeveer van die twaalfde tot die agtiende jaar en volgens landswet tot die een-en-twintigste jaar. Dit is 'n tydperk van belangrike psigiese verandering en ontwikkeling in die jeugdige se lewe. Daar word soms na hierdie leeftydsefase verwys as die periode van 'storm en drang' as gevolg van die emosionele onstabieliteit wat so kenmerkend is gedurende die adolessente jare. Hoewel dit 'n moeilike tydperk is vir die adolessent sowel as dié wat saam met hom moet leef, kom normale adolessente daardeur sonder ernstige problematiek.

Die adolessent het basies dieselfde behoeftes as die jong kind, maar vanweë sy gevorderde intellektuele vermoë, sy fisiese rypheid en sy emosionele onstabieliteit, ervaar hy die behoeftes meer problematies.

Sosiale behoeftes soos affiliasie, aanvaarding en erkenning, selfstandigheid, verantwoordelikheid en identifikasie is vir die adolessent van besondere belang omdat hy gedurende hierdie leeftyd fase vir homself 'n plek moet verwerf in sy portuurgroep sowel as in die breëre samelewing.

Emosioneel beleef die adolessent ewe intense behoeftes wat dikwels gepaard gaan met emosionele spanning en angs terwyl frustrasie en aggressie sy aanpassing verder belemmer. Hy ondervind veral gedurende hierdie tyd behoefte aan liefde, vriendskap, respek, romantiese liefde en seksualiteit.

Op die morele vlak moet die adolessent leer om hom met waardes en norme van die gemeenskap te vereenselwig; sy gewete ontwikkel en skuldgevoelens dien as straf vir die self as hy teenstrydig met die aanvaarde norme opgetree het. Gedurende adolessensie worstel die jeugdige om 'n eie identiteit te ontwikkel en 'n positiewe selfbeeld op te bou.

Ten slotte is dit ook gedurende adolessensie dat die jeugdige krities begin kyk na die religieuse beginsels en geloof wat hy as kind aanvaar het sonder om te bevraagteken. Veral as hy met maats kommunikeer wat ander religieuse waardes huldig, kom hy soms in ernstige vertwyfeling en soek naarstiglik na waarheid en geestelike sekuriteit.

In hoofstuk vyf sal 'n gedetailleerde beskrywing van die werksaamhede van die kinderskool as sosiopedagogiese versorgingsinrigting gegee word.